

21 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18 (NAV)

Fokusgedeelte: Johannes 1:14

Jesus Christus maak 'n verhouding met God moontlik, vir *jou!*

As jy jou verhouding met God wankel, roep Johannes 1:14 ons op om te konsentreer op Jesus se –

1 ... menswording ...

“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” Die ewige Seun van God het mens geword (letterlik: “vleis” geword). Hy was 'n mens met vleis, bene, vel en hare, 'n mens wat honger was, seergekry het en gehuil het. God is nie ver nie. Hy verstaan ons swakheid, probleme en pyn.

2 ... sy Godheid ...

“Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het ...” Jesus het die heerlijkheid van God geopenbaar. Eksodus 33 sê dat niemand die heerlijkheid van God kan sien en lewe nie, maar die mense kon God deur Jesus sien. Hy het wonders gedoen, opgestaan uit die dood en opgevaar na die hemel. Waar die heerlijkheid van God die dood sou bring, bring Jesus se openbaring van God se heerlijkheid die ewige lewe. God wat mens geword het, het ook God gebly. Hy troos in hartseer en pyn deur sy Gees, maar bring ook uitkoms as almagtige!

3 ... en die inhoud van sy openbaring!

Vers 14 sluit af met die woorde: “... vol genade en waarheid.” God openbaar Hom deur Jesus. Die openbaring word saamgevat in die woorde “genade en waarheid”. God het ons sonde vergewe op grond van die werk van Christus. Ons verdien niks nie. Genade kan egter nie sonder waarheid bestaan nie. God stel steeds eise en verwag gehoorsaamheid. Omdat ons genade ervaar, moet ons dankbaar wees en waarheid nastreef. Ons moet die waarheid in die Woord soek, verstaan en uitleef. Ons moet gelei word deur die Gees en waarheid, sodat ons nie die nuwe verhouding met God verbreek nie.

Sing: Skrifberyming 5:1, 2 Ds AP Tredoux (Vaalpark)